

SKULDVERSLAWING

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

The world has enough for everyone's need but not for everyone's greed. — Mahatma Gandhi

Genesis 1 gee ons 'n opdrag: *“Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor diere wat op die aarde kruip.”*

Ons wil almal die mag hê om te heers. Ons wil almal in beheer wees. Mense met baie mag en beheer, soos konings, het baie besittings. Besittings word dus geassosieer met mag. Besittings word aangeskaf met geld. Ons dink geld laat ons heers. Geld plaas ons dus in beheer. Meer nog: ons ag 'n stukkie papier met 'n bedrag en 'n prentjie van een van die “big five” daarop as uiters waardevol want dit is 'n simbool van MAG.

'n Maklike oplossing is dus as ons almal 'n miljoen rand se gedrukte note ontvang dan kan ons genoeg besittings koop wat ons magposisie kan demonstreer. So, hoekom doen ons dit nie?

Lank gelede

Kom ons stel eers 'n primitiewe dorpie van 20,000 jaar gelde voor. Daar woon 'n jagter, 'n kleremaakster en 'n bakker. Buite die dorpie is daar 'n koringboer en ook 'n melkboer. In die berg daar naby woon 'n ou man wat mooi klippe versamel. Elkeen van hierdie persone het baie gou agtergekom dat hulle hulle werk geniet as hulle spesialiseer en ook meer produkte kan produseer as hulle hulleself op een ding toespits. Gevolglik is die onderlinge uitruil van produkte baie belangrik om hulle eie situasie te kan verbeter. Die uitruilskema werk baie doeltreffend maar die enigste probleem is dat die jagter graag vleis vir klere by die kleremaakster wil ruil maar sy is 'n vegetariër. Die melkboer wil graag sy kaas vir brood by die bakker ruil maar laasgenoemde kry 'n uitslag van suiwelprodukte. Die ou oom in die berg vrek oor biltong en kaas. Die jagter ruil toe van sy vleis vir 'n goue klippie by die ou oom. Toe die kleremaakster die klippe sien bied sy dadelik aan om vir die jagter 'n stel klere te maak in ruil vir die mooi klippie. Die melkboer het ook 'n goue klippie by die ou man gekry en dit vir die bakker gaan aanbied vir brood. So raak die ou man se klippies toe 'n RUILMIDDEL waarmee die dorpie se mense hulle produkte onderling kon uitruil.

Later word net die goue klippies as betaalmiddel aanvaar en 'n goudsmid kom vestig hom op die dorp wat die groot klonte tot ewe groot stene verwerk sodat elke steen dieselfde gewig is. Hy bêre die onverwerkte klonte in sy kluis. Op 'n dag het die kleremaakster nie

'n goue steen byderhand om vir die melkboer te gee nie. Sy gee toe vir hom 'n brief wat aan die goudsmid opdrag gee om 'n steen te maak uit een van haar onverwerkte klonte in sy kluis en dit aan die melkboer te gee. Meer mense begin toe van die briefies gebruik maak en later ruil die mense bloot die briefies vir produkte uit in plaas daarvan om elke keer by die goudsmid 'n steen te gaan haal en so ontstaan gedrukte geld in die plek van goue stene.

Geld as ruilmiddel vir arbeid

Die probleem met ruilhandel is dat twee mense mekaar moes vind wat elkeen 'n produk het wat die ander een wou hê voordat die uitruiling kon plaasvind maar nie almal wil noodwendig jou produk in ruil vir hulle produk aanvaar nie. Geld het gevolglik as geriefsmiddel ontstaan om hierdie probleem op te los en dit moontlik gemaak dat almal met almal kon ruil. Geld kan dus vir enigiets geruil word wat 'n mens begeer.

Geld op sy eie is egter niks werd nie en kry eers 'n waarde as dit vir iets anders geruil kan word. Geld verteenwoordig dus 'n produk. Geld stel jou in staat om een produk te vervaardig maar 'n ander te verbruik. Geld gee jou die vryheid om iets anders te verbruik as wat jy self kan produseer. As daar in aanmerking geneem word dat produkte weer die resultaat van arbeid is, is geld in wese 'n ruilmiddel vir arbeid.

Geld groei dus nie aan bome nie. Dit word deur mense se arbeid geskep en om vir elkeen 'n gedrukte pak note in die hand te stop is nie die oplossing om vir almal ewe veel besittings te gee nie. Hierdie voorstel gaan daarop neerkom dat niemand meer sal wil werk nie en dat ons uiteindelik net 'n stukkie papier vir 'n stukkie papier kan ruil. Geld, in watter vorm ookal, kan dus nie sonder arbeid bestaan nie.

As my spesifieke arbeid, soos aan my eindproduk gemeet, gesog begin raak, kan ek dalk minder van my arbeid vir meer van iemand anders se arbeid ruil. Ek hoef dus nie so hard soos ander te werk nie. Ek kan later mettertyd in 'n posisie kom dat ek selfs ander mense minder betaal om my arbeid onder my toesig te verrig. Geld, as maatstaf vir die hoeveelheid arbeid wat ek beskikbaar het, verteenwoordig dan MAG. Geld laat ons heers en dit is presies hoekom ons op die aarde geplaas is.

Geneigdheid om te verbruik

Die rol wat geld speel om mag aan te dui is nie net in lyn met ons opdrag om te heers nie, dit pas ook so reg in ons natuurlike aard. Ons het 'n geneigdheid om te "verbruik". Dit kan met 'n voorbeeld geïllustreer word: 'n Persoon ontvang 'n salaris van R10,000 per maand en het sy behoeftes so aangepas dat hy met R9,000 kan leef en R1,000 op annuïteite en polisse spandeer om eendag mee te kan aftree. Sy salaris verhoog skielik na R15,000 per maand. Die kans is baie goed dat sy spandering op basiese behoeftes nie op R9,000 per maand gaan bly nie maar dat dit proporsioneel met R4,500 gaan verhoog terwyl hy R500 na sy aftreefondse sal kanaliseer. Hy het dus 'n geneigdheid om 90% van sy inkomste te verbruik. Hierdie "*marginal propensity to consume (MPC)*" is 'n

ekonomiese maatstaf wat toon hoeveel meer 'n mens geneig sal wees om te spandeer namate sy inkomste toeneem.

Die MPC beteken dus dat ons ons behoeftes tot binne ons inkomste moet beperk of alternatiewelik onbeperkte toegang tot geld moet hê. Die meeste mense is egter nooit tevrede met die hoeveelheid geld wat hulle verdien nie want in sy natuurlike aard is die mens se behoeftes onbeperk. Dit lei tot 'n bouse kringloop waarin die bevrediging van basiese behoeftes geleidelik in gierigheid sal omskakel as 'n persoon se toegang tot geld onbeperk is.

Die onbeperkte bron

Geld verteenwoordig die individu se eie magposisie relatief tot ander mense. Daarmee saam is daar die ingebore drang om aanhoudend meer te wil verbruik. As ons nie hierdie begeertes tot binne ons beskikbare geld kan beperk nie, bied geleende geld vir ons die geleentheid om ons magposisie en ons onversadigde behoefte aan verbruik verby die perke van ons eie beskikbare geld te neem. Geleende geld stel ons in staat om ons inkomste te verhoog eerder as om ons verbruik in te perk. In ruil daarvoor bied ons ons toekomstige arbeid vir betaling aan om besittings te bekom wat ons nie beskore was maar dit kom teen 'n prys, genaamd rente. Solank ons die geleende geld met selfdissipline op noodsaaklike besittings binne hanteerbare vlakke van ons toekomstige arbeid kan opneem is dit nie 'n probleem nie maar getrou aan hul natuurlike aard ruil baie mense mettertyd soveel van hulle arbeid vooruit en raak die koste daarvan so hoog dat hulle dit in hulle leeftyd nooit sal kan terugwerk nie.

In Salomo se tyd moes skuld letterlik teruggewerk en nie terug betaal word nie. Skuld is dus direk met arbeid geassosieer. Geld is werklik vir arbeid verruil. Salomo bevestig dan ook in Spreuke 22:7 “... *die lener is die slaaf van die man by wie hy leen.*”

As jy geld skuld is jy die uitlener se slaaf, of jy daarvan hou of nie maar inherent is ons geskape om te heers, nie om oorheers te word nie. Ons bied weerstand daarteen as iemand ons probeer oorheers en daarom haat ons mense aan wie ons geld skuld omdat hulle beheer oor ons uitoefen. Die “quick fix” is dikwels om nog skuld te maak en nog te spandeer om 'n tydelike skyngewoel van beheer te kan kry.

Ten spyte van al die met skuldgekoopte besittings en die hol magposisie wat dit verteenwoordig, raak mense met skuld vasgevang in 'n magtelose situasie wat hulle nie kan beheer nie. Hulle lyk indrukwekkend van buite maar is desperaat aan die binnekant. Hulle is verslaafdes wat in 'n bouse kringloop vasgevang is. Hulle het 'n indrukwekkende leefstyl maar hulle verslaafdheid vernietig hulle geluk en vryheid. Nie net hulle eie nie maar ook die mense om hulle s'n. Dit is hoekom mense met oormatige skuld heeldag negatief is, heeldag kla en aanhoudend die ekonomiese omstandighede of ander mense vir hulle haglike finansiële posisie blameer.

Op hierdie stadium weier die banke om nog skuld toe te staan, die kredietkaarte is vol, die klererekenings is gestop, die balju dreig om die kar te kom terugvat en vriende of

familie is kwaad omdat hulle besef hulle gaan nie die geld terugkry wat sulke mense by hulle geleen het nie. As ons nie op hierdie stadium kan breek aandraai nie gaan ons begin steel en bedrog pleeg om nog geld in die hande te kry. In uiterste gevalle lei dit selfs tot moord as daar 'n erflating op die spel is.

Did you know that according to Google answers that “nearly one-third of lottery winners become bankrupt”?

Kom uit die verslawing

Daar is in wese niks verkeerd om 'n drang na besittings te hê nie. As hierdie drang egter nie beheer kan word nie kan dit tot materialisme en egoïsme lei. As jy so mildelik van skuld gebruik maak verloor geld mettertyd sy waarde en dan raak dit naderhand net 'n middel om jou verslawende selfgesentreerde obsessie te voed en nie meer 'n ruilmiddel vir arbeid nie.

Dit is nie maklik om 'n verslawing te oorkom nie maar as die meeste mense hulle seksdrang onder redelike beheer kan hou kan hulle ook hulle drang na geld onder beheer kry. Daar bestaan beslis 'n lewe van finansiële stabiliteit anderkant die wêreld van skuld maar dit vra vir 'n totale ander benadering tot geld. So 'n benadering moet 'n nuwe stel persoonlike waardes bevat wat binne die raamwerk van jou finansiële grense pas.

Skuld is vrylik beskikbaar en die mens sal altyd deur slim reklame aangemoedig word om daarvan gebruik te maak omdat die uitlener daarmee geld maak. Hulle wil daardeur juis besittings binne jou bereik plaas wat jy andersins nie sou kon bekostig nie. Dink daaraan dat dit jou toekomstige arbeid is wat jy so maklik in ruil vir sulke besittings aanbied. Jy gebruik geld wat jy nie het nie om goed te koop wat jy nie nodig het nie om mense te beïndruk wat jy nie ken nie. Stel doelwitte en kry geleidelik die beheer terug in jou geldsake. As jy nie weet waar jou volgende Rand vandaan gaan kom nie, weet jy heelwaarskynlik ook nie waar jou laaste een heen is nie.

Ons is almal vertrouwd met die gelykenis van die verlore seun. Dit word meestal gebruik om te demonstree dat mense wat opgemors het met ope arms in die Koningryk terug verwelkom word. Soms word dit ook as waarskuwing gebruik wanneer 'n seun binne 'n familiebesigheid dit waag om sy deel op te vra om op sy eie te gaan. Dit word ook gebruik om so 'n seun terug te verwelkom as sy poging misluk het. As daar uit 'n finansiële oogpunt na die gelykenis gekyk word, kan 'n ander interpretasie daaraan geheg word.

Ja die verlore seun het sy erfporsie vooruit aangevra met die uitsluitlike doel om sy geneigdheid tot verbruik te gaan bevredig en uiteindelik het hy tussen die varke beland waar hy slegter af was as sy pa se dagloners. Sy verslawende drang na spandering het uiteindelik sy ondergang beteken maar ons lees nêrens dat hy die ekonomiese omstandighede of ander mense vir sy situasie blameer het nie. Hy het sy trots in sy sak gesteek en 'n sielkundige ommekeer gemaak deur sy persoonlike waardes tot die van 'n dagloner af te skaal, 'n dagloner synde iemand wat aan die einde van elke dag sy

vergoeding vir sy arbeid ontvang. Sy daadwerklike besluit het hom weer beheer oor sy situasie laat kry. Hy was tevrede om net weer 'n dagloner te wees en kry toe uiteindelik meer as wat hy op gereken het.

Volg die verlore seun se voorbeeld om uit jou skuldverslawing te kom. Verlaag jou finansiële doelwitte tot 'n vlak waar jy dit kan beheer en doen die nodige aanpassings. Jy mag dalk net verbaas wees oor die beloning wat daarmee saamgaan.

BETHLEHEM

April 2009

BRONNE GERAADPLEEG:

Die Bybel

Marginal Propensity To Consume – MPC

<http://www.investopedia.com/terms/m/marginalpropensitytoconsume.asp>

Munroe, M. 2004. Rediscovering the Kingdom. Destiny Image Publishers Inc. Shippensburg, PA.

Need vs. Greed - The vicious cycle of Money.

<http://cityblogger.com/archives/2005/12/17/need-vs-greed-the-vicious-cycle-of-money>

Pleasures, Possessions and Power. Randy Alcorn

http://www.epm.org/artman2/publish/money_biblical_perspective/Pleasures_Possessions_and_Power.shtml

The Origin of Money (And How It Was Stolen from You). Alexander "Ace" Baker

<http://www.strike-the-root.com/4/baker/baker2.html>

Dr Irma Labuschagné. Persoonlike mededeling.